

**22 OKTOBER**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 114  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 114:7**

**Ontslag en verwondering waar die Here verskyn**

Die verskyning van die HERE word hier voorgestel met flitse uit die verlede. Hierdie flitse is niks anders as groot almagsdade van God nie. Dit is dae wat dateer uit die dae van die wonderlike redding uit Egipte. Daar was die droë grond van die Rooisee en die Jordaanrivier wat agteruit gewyk het. Dan meld hy ook die berge en die heuwels wat rondgespring het. So was die HERE met sy volk op die trekpad deur die woestyn.

Al was hulle 'n volk in 'n land met 'n vreemde taal, vreemdelinge in Egipte, was die HERE hulle God en hulle sy volk. Hy was met hulle op pad na die beloofde land.

Dit laat 'n mens sien en verstaan dat God almagtig is. As God vir ons is, wie kan teen ons wees! Dit is nie eens nodig dat die HERE self moet ingryp tot die redding van sy volk nie. Hy span bloot die natuurkragte in van die see, die riviere, die berge en heuwels.

Ons sien God die HERE se almag nog soveel duideliker in ons lewe. Hy het ons as kerk sy magsgebied gemaak. Hy het dit gedoen deur sy Seun Jesus Christus se koms en gehoorsaamheid tot die dood toe. Te midde van die grootse teenstand en vyandskap denkbaar het Jesus die verlossingsplan van sy Vader in die wêreld volbring. Die hindernisse van sonde en dood het Hy finaal gebreek. Met sy opstanding kon die dood en hel net verslae toekyk. Waarlik, voor die aangesig van die HERE kan ons net in verwondering opkyk. Sy mag is ongelooflik en sy liefde vir ons grensloos. Ons bewe voor sy aangesig en ons vreugdebeker loop oor. Ons HERE is God almagtig.

*Sing: Psalm 148:1, 5*

*Ds Thinus Smidt (Innesdal)*